

Onbeperkte moontlikhede



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

1 Kor. 12:12, Matt. 3:16-18, 1 Kor. 12:7 en hfst. 1:4-9, asook Matt. 25:14-30.

Geheeteks:

“Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik ’n gawe uitdeel soos Hy wil” (1 Korintiërs 12:11, NAB).

Die Here roep ons om vir Hom te getuig (*Hand. 1:8, Jes. 43:10*). Om vir Christus te getuig, is egter nie ’n spesiale gawe van die Gees vir ’n klein groepie uitverkorenes nie. Allermins. Dit is die Godgegewe roeping van elke Christen. Die Bybel gebruik verskillende uitdrukkings om ons roeping in God en Christus te verwoord. Ons is onder andere “die lig vir die wêreld,” “gesante van Christus” en “’n koninklike priesterdom” (*Matt. 5:14, 2 Kor. 5:20, 1 Pet. 2:9; NAB*). Hierdie einste God wat ons tot getuienis en naastediens roep, rus ons ook daarvoor toe. Hy skenk aan elke gelowiges bepaalde gawes van die Gees. Tog roep die Here nie persone wat klaar opgelei is nie. Nee, diegene wat Hy klaar geroep het, lei Hy op. Die gawes van die Gees is soos die gawe van verlossing – elkeen wat glo ontvang dit vrylik.

Namate ’n mens jou aan die Here wy en jy jou tot sy diens verbind, word die moontlikhede vir bediening eindeloos. “Diegene wat die eie-ek verloën het en wat dan toelaat dat die Heilige Gees in en deur hulle werk, en wat gevolglik ’n lewe gewy aan God lei – die nut van diesulkes ken geen perke nie” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 159). In vandeeweek se les kyk ons na die moontlikhede vir persoonlike bediening deur die gawe van die Heilige Gees, en sien dat die lewe vir elke gelowige inderdaad “Onbeperkte moontlikede” inhou.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 Augustus.

Verskillende gawes, maar verenig in diens

Het jy al agtergekom hoe hemelsbreed die dissipels van mekaar verskil het? Hulle was uiteenlopend in terme van agtergrond, persoonlikheid, temperament en gawes. Tog was dit nie die destydse kerk tot nadeel nie. Dit was, om die waarheid te sê, een van hul sterk punte. Matteus wat voorheen 'n tollenaar was, was noukeurig, presies en akkuraat. Petrus daarenteen was nie op die mond geval nie, en was geesdriftig en impulsief; tog was hy ook 'n gebore leier met die eienskappe wat daarvoor benodig word. Johannes het weer 'n klein hartjie gehad hoewel hy uitgesproke was. Andreas was 'n mens-mens, met 'n fyn aanvoeling vir tyd en plek, en ook vir ander se gevoelens. Tomas het van nature dinge bevraagteken, en het dikwels getwyfel. Hoewel die dissipels dus uiteenlopende persoonlike en gawes gehad het, het die Here elkeen op 'n kragtige wyse gebruik om vir Hom te getuig.

Lees 1 Korintiërs 12:12, asook verse 13 en 18 tot 22. Wat sê hierdie skrifgedeelte vir ons oor die behoefte aan mense met verskillende gawes en talente in die liggaam van Christus, die kerk?

Die Here put groot vreugde daaruit om mense van verskillende agtergronde met uiteenlopende talente en vermoëns te neem, en om gawes vir naastediens en persoonlike bediening aan hulle te skenk. Die liggaam van Christus is nie 'n homogene groep mense nie, m.a.w. die lede verskil van mekaar. Dit is nie 'n geslote klub waar al die lede basies dieselfde soort agtergrond het en boonop dieselfde manier van dink het nie. Nee, dit is 'n dinamiese samekoms – van persone met uiteenlopende gawes, saamgesnoer deur die liefde van Christus en die Skrif, en gewy aan die verkondiging van daardie liefde en daardie bybelwaarhede aan die wêreld (*Rom. 12:4, 1 Kor. 12:12*). Hoewel die lede van die liggaam van Christus dus verskillende gawes het, is elkeen van daardie gawes waardevol; elkeen is van kardinale belang vir die korrekte funksionering van die liggaam van Christus. 'n Mens se oë, ore en neus het verskillende funksies, tog is elkeen noodsaaklik vir die liggaam. Net so is alle gawes in die liggaam van Christus ewe noodsaaklik (*1 Kor. 12:21, 22*). Let op die liggaam van die mens. Selfs die kleinste deeltjie is op 'n manier onontbeerlik. Neem byvoorbeeld die wimpers. Dit is 'n deel wat lyk of dit 'n minder belangrike rol in die liggaam te speel het. Gestel jy het skielik geen wimpers nie. Wat dan? Wel dan sal stofpartikels jou sig belemmer, wat moontlik tot onherstelbare skade kan lei. Die kerklid wat dus lyk of hy of sy “minder belangrik” is, is inderwaarheid van groot waarde in die liggaam van Christus. Daardie persoon het immers ook 'n gawe (of gawes) van die Gees ontvang. Deur hierdie gawes geheel en al aan die Here te wy, kan elkeen van ons uiteindelik 'n ewige verskil maak.

Hoe talentvol jy ook al mag wees, is daar soms dinge waarvoor 'n mens nie 'n slag het nie, terwyl ander mense in die gemeente wel oor daardie gawes en talente beskik. Dink 'n bietjie aan sulke gevalle. Hoe kan hierdie toedrag van sake 'n mens help om nie 'n meerderwaardige houding teenoor ander in te neem nie?

God: Die Gewer van alle goeie gawes

Volgens 1 Korintiërs 12:11 en 18, Efesiërs 4:7 en 8, asook Jakobus 1:17 kom alle gawes van die Here. Ja “elke volmaakte geskenk” kom van Hom. Wees dus gerus, God ken jou geaardheid. Die gawes van die Gees wat die beste by jou pas, sal Hy aan jou gee. Wat meer is, Hy sal jou gawes ter wille van sy verlossingsplan, en ter ere van sy Naam, op die beste wyse benut.

Lees Markus 13:34 en 1 Korintiërs 12:11. Aan wie gee die Here gawes van die Gees?

Die Bybel stel dit onomwonde. God het ’n spesiale taak vir elke gelowige: om vir ander van die evangelie te vertel. In ’n stadium vertel Jesus die gelykenis van ’n man wat sy huishouding in sy diensknegte se sorg gelaat het, terwyl hy op reis gaan. So gee die huisbaas dan aan elkeen ’n bepaalde taak om in sy afwesigheid te verrig (*Mark. 13:34*). Insgelyks het elke gelowige ’n taak. Die Here gee gawes van die Gees aan al sy kinders, ten einde hul onderskeie Godgegewe roepings of take te volvoer. Wanneer ons ’n totale oorgawe aan Christus maak, en deur die doop ’n lid van die liggaam – die kerk – word, skenk die Heilige Gees ons bepaalde gawes sodat ons die liggaam daarmee kan dien, asook ons getuienis vir Christus aan die wêreld kan bring.

In 1903 rig Ellen G. White ’n brief aan ’n medegelowige, waarin sy die man aanmoedig om sy Godgegewe gawes in diens van die Here te gebruik. Sy skryf onder andere: “Ons is almal deel van God se groot gesin, aan wie Hy, tot ’n mindere of meerdere mate, [bepaalde] talente toevertrou het; talente waarvan die [korrekte] gebruik ons verantwoordelikheid is. Dit maak nie saak of ’n mens se talent klein of groot is nie, dit moet in diens van die Here gebruik word. ’n Mens moet ook besef dat elkeen die reg het om die gawes wat aan hom [of haar] toevertrou is, te gebruik. “Nooit as te nimmer behoort ons op die kleinste menslike hulpbron – hetsy fisies, intellektueel of geestelik – neer te sien nie” (*Brief 260, 2 Desember 1903*).

Lees Handeling 10:36-38, Matteus 3:16-18 en Handeling 2:38-42. Wat leer ons uit hierdie skrifgedeeltes oor die belofde skenking van die Heilige Gees by die doop?

Met sy doop het Jesus die Heilige Gees ontvang. Dit was ’n spesiale salwing om Hom op sy bediening voor te berei en Hom ten volle daarvoor toe te rus. Net so, belowe die Here ook die Heilige Gees wanneer ons gedoop word. Die Here se groot begeerte is dat ons die sekerheid moet hê dat Hy inderdaad sy Woord gestand sal doen en ons die gawes van die Gees sal skenk om sy kerk en die mensdom tot seën te wees.

Die doel van geestelike gawes

Lees 1 Korintiërs 12:7 en Efesiërs 4:11-16. Hoekom gee die Here een elke gelowige gawes van die Gees? Wat is die doel daarvan?

Gawes van die Gees dien 'n aantal doele. Dit word, eerstens, geskenk ter versorging en versterking van God se kerk sodat gelowiges sy groot taak – die redding van die mens – kan volvoer. Geestelike gawes het ten doel om die lede te verenig, gereedwees om die kerk se Godgegewe sending op aarde te volbring. Die bybelskrywers gee ons boonop voorbeelde van dié gawes wat God aan sy kinders skenk – soos prediking, evangelisasie, onderrig, bemoediging en vrygewigheid. Dit praat egter ook van gawes soos gasvryheid, barmhartigheid, behulpsaamheid en opgeruimdheid, om slegs 'n paar te noem. Lees gerus Romeine 12 en 1 Korintiërs 12 vir 'n meer volledige lys. Nou wonder jy seker oor die verskil tussen geestelike gawes en die talente waarmee mense gebore word. Gawes van die Gees kom van die Here en word deur die Heilige Gees aan elke gelowige geskenk om hom of haar vir 'n bepaalde bediening in diens van die kerk en die mens toe te rus. Soms sluit sulke roepings gewone talente in, wat dan deur die Heilige Gees geheilig en in diens van Christus gebruik word. Alle talente waarmee 'n mens gebore word, is natuurlik Godgegewe, hoewel hulle nie altyd in diens van Christus gebruik word nie (terwyl geestelike gawes slegs ten doel het om in diens van God en die mens gebruik te word).

“Die gelykenis van die talente [in die OAB] dui nie net op die spesiale gawes van die Gees nie. Dit sluit alle gawes en vorms van aanleg in – hetsy aangebore of verworwe, hetsy as iets natuurliks in die mens of as iets van Bo. Alle hierdie dinge behoort vir evangelisasiewerk ingespan te word. Wanneer 'n mens 'n dissipel van Christus word, maak jy 'n totale oorgawe aan Hom. Alles wat jy het en is, gee jy aan Hom [insluitende jou gawes en talente]. Hierdie dinge wat ons aan Hom oorgee, keer dan terug na ons, geheilig en edel. Hierdie gawes en talente moet tot verheerliking van die Here ingespan word, deur hulle tot seën van ons medemens te gebruik” (Ellen G. White, *Christ's Object Lessons*, bl. 328).

Die Here het ook spesiale gawes daargestel, soos die gawe van profesie; asook spesiale kerkkampte soos leraar en ouderling, om elke lid in die liggaam van Christus beide te koester en toe te rus vir diens (*lees Ef. 4:11, 12*). Die funksie van alle leierskapsposisies in die kerk is om elke lid by te staan in die ontdekking van sy/haar gawes van die Gees, en om hulle te leer hoe om hul onderskeie gawes tot uitbreiding van die liggaam van Christus te gebruik.

Met watter talente is jy gebore wat jy tot seën van die kerk kan gebruik, selfs al is daardie talente besonder bruikbaar en voordelig in die wêreld daarbuite?

Om jou gawes te ontdek

Vergelyk 1 Korintiërs 1:4-9 met 2 Korintiërs 1:20-22. Wat sê dit oor God se beloftes en veral oor gawes van die Gees in aanloop tot die wederkoms van Christus?

God belowe dat die kerk voor sy koms al die gawes van die Gees ten toon sal stel, en sy beloftes staan vas. Hy het ons die Heilige Gees gegee om in ons harte te getuig, om elke gelowige te rig sodat ons die gawes wat Hy ons gegee het, beter sal verstaan. God is die gewer van die gawes, en God is ook die een wat deur die Heilige Gees daardie gawes aan ons openbaar.

Lees Lukas 11:13, Jakobus 1:5 en Matteus 7:7. Wat staan elkeen te doen wat graag wil ontdek watter gawes God hom/haar gegee het? Wat nooi die Here ons om te doen?

'n Mens ontvang die gawes van die Heilige Gees wanneer jy jou lewe aan God wy en vir Hom vra om aan jou te openbaar watter gawes Hy jou gegee het. Wanneer ons ons harte van alle selfverheerliking leegmaak en voorrang aan die diens van Jesus gee, sal die influisterende Gees sy gawes aan ons openbaar. "Eers nadat die dissipels gelowig en biddend hulself aan die werking van die Gees oopgestel het, het die [verwagte] uitstorting gekom. Op daardie oomblik is die skatte van Bo in die volgelingen van Christus se sorg geplaas... In Christus is hierdie gawes [van die Gees] reeds ons s'n. Tog vind die inbesitneming daarvan eers plaas wanneer ons gereed staan om die Gees te ontvang" (Ellen G. White, *Christ's Object Lessons*, bl. 327).

Gawes van die Gees (*see 1 Kor. 12:4-6*) is eienskappe wat God ons gee om Hom mee doeltreffend te dien. Die bediening waarby 'n mens betrokke is, is waar die gelowige gewoonlik hierdie gawes kan gebruik. Die beplande en spontane aktiwiteite van 'n betrokke bediening bied ons die geleentheid vir die uitleef van ons gawes. Bedrewenheid in 'n bepaalde gawe word nie ontvang nie, dit word egter aangekweek. Let dus op die influistering van die Gees. Hy sal jou wys by watter soort persoonlike bediening jy betrokke behoort te raak. Deur gebed sal hy jou op die regte spoor bring, sodat jy jou gawes deur een of ander vorm van evangelisasie uitgeleef kan word.

Wat is jou spesifieke gawes? Meer belangrik: hoe kan jy, in diens van die Here en ter wille van sy koninkryk, meer bedrewe in daardie gawes raak?

Om te woeker met ons gawes

Lees die gelykenis van die talente in Matteus 25:14-30. Gebruik die OAB. Wat dink jy is besonder opvallend in hierdie gelykenis? Waarom is die eerste twee diensknegte deur die eienaar – wat God simboliseer – geprys, terwyl die derde skerp veroordeel is? Wat leer 'n mens hieruit oor die gebruik van ons Godgegewe talente? Let veral op Matteus 25:29.

In die gelykenis ontvang elkeen talente “na sy vermoë” (*Matt. 25:15, OAB*). Met ander woorde, elkeen se hoeveelheid verskil. Die een het vyf ontvang, die ander twee, en die laaste een het 'n enkele talent ontvang. Elkeen kon kies hoe hy die talente wat hy by die eienaar ontvang het, wou belê of wou gebruik. Besonder deurslaggewend is die feit dat die talente nie aan hulle behoort het nie. Dit was inderwaarheid 'n ander se eiendom – die eienaar wat dit in hulle sorg geplaas het. Wie het die “groot” en wie het die “geringe” gawes ontvang? Vir die eienaar was sulke dinge onbelangrik. Hoeveel iemand ontvang het, was inderdaad irrelevant. Wat elkeen met sy gegewe talente gemaak het – dit was vir die eienaar van groter belang. Paulus stel dit soos volg in 2 Korintiërs 8 vers 12: “As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie” (*NAB*). Vir God maak dit nie eintlik saak hoeveel jy het nie, maar liever, wat jy daarmee maak.

Die eienaar van die gelykenis prys die eerste twee diensknegte omdat hulle hul talente getrou gebruik het. Hul het met hul talente gewoeker en dit vermeerder. Daarenteen het die “slegte en luie” dienskneg net mooi niks gedoen met die talent wat die eienaar hom gegee het nie. Hy het nie iets daarvan gemaak nie. Let op Ellen G. White se woorde op bladsy 326 in *Christ's Object Lessons*: “Die [kosmiese] beginsel van naastediens word die skakel wat ons met God en ons medemens verbind.” Dit is gewis 'n ewige waarheid dié! Die ontroue dienskneg het al sy kanse om te dien, verspeel. Uiteindelik was hy die vermoë om te dien ook kwyt. Wanneer ons woeker met die talente wat die Here ons tot verheerliking van sy Naam gegee het, sal dit van krag tot krag gaan. Ons bedrewenheid en diensbaarheid sal toeneem. Nou wonder jy seker: hoe kan ek die gawes wat God my gegee het, ontdek? Gaan op jou knieë en vra die Here nederig om vir jou te wys waar en op watter wyse jy van diens kan wees. Luister na die influistering van die Gees, en raak betrokke by 'n bepaalde bediening en dié se onderskeie projekte. Sodoende sal jou talente blom, en sal jy tevredenheid uit jou diens aan Christus put.

Dink 'n bietjie aan hierdie gelykenis en pas dit op jou lewe toe. Watter soort dienskneg is jy? Wat doen jy met die gawes wat God jou gegee het? (Neem hier in ag dat alles waaroor jy beskik, en alle stofflike dinge wat jy besit, gawes van Bo is).

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se “Talents” op bl. 325-365 in *Christ's Object Lessons*. 'n Regte begrip oor die bybelse leer aangaande die gawes van die Gees bring eenheid in die kerk. Die besef dat elkeen van ons 'n waardevolle lid in die liggaam van Christus is, waarsonder die kerk nie kan klaarkom nie, is 'n gedagte wat gelowiges saamsnoer. Elke kerklid word benodig ter uitvoering van die groot opdrag wat Christus ons gegee het. Elke lid het 'n gawe (of gawes) vir naastediens ontvang. “Aan elkeen word iets gegee om vir die Meester te doen. Aan elkeen wat Hom dien, word 'n spesiale gawe of talent toevertrou. ‘En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë.’ Elkeen wat die Here dien, het iets wat aan hom [of haar] toevertrou is. Waartoe jy in staat is, bepaal die grootte van daardie gawe wat aan jou toevertrou word. Met die uitdeel van gawes het God nie party gelowiges voorgetrek nie. Hy het [bloot] gawes toegeken volgens die dinge waartoe elkeen in staat is, en Hy verwag dienooreenkomstige resultate” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 2, bl. 282). Neem ook in ag dat die gawes van die Gees tot eer van die Here, en nie onself nie, gegee word. Hy skenk dit ter verheerliking van sy Naam en ter bevordering van sy verlossingsending.

Vrae vir bespreking:

Bepeins die feit dat elkeen van ons gawes van die Here ontvang het. Watter praktiese implikasies het dit vir die gemeente waarin jy is? Watter verskil maak hierdie gedagte ten opsigte van elke lid se betrokkenheid by naastediens en persoonlike bediening?

- 1. Vertel vir die res van die klas hoe 'n ander lid se gawe (of gawes) jou al tot seën was. Praat ook 'n bietjie oor jou eie gawes van die Gees – hoe jy dit ontdek het, watter gawes jy meen jy het, en ook hoe jy dit tot seën van ander gebruik.**
- 2. Hierdie les het daarop gewys dat gawes kan “vermeerder” namate 'n mens daarmee woeker. Doen selfondersoek: kan jy aan enige gawes dink waarmee jy ter ere van sy Naam gewoeker het, talente wat nou vermeerder het? Vra jou egter ook die volgende af ('n vraag wat ons inderdaad aan die einde van Donderdag se les die eerste keer aangeroei het): hoe getrou is ek met dit wat God aan my toevertrou het?**